

SESDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

9 - 14 AUGUSTUS 1993

DERDE DEEL VAN SAKELYS

	BL.
1. AFKONDIGINGS	3
2. BYLAE SKK/3 - BESWAARSKRIF OOR KLEREDERAG..	5
3. BYLAE BRKA/D - DEKKING VIR PLAASLIKE KERKE IN GEVAL VAN AFSTERWE VAN LERAAR....	9
4. AANVULLENDE VERSLAG VAN FK	12

AFKONDIGINGS

Hartlik welkom by die Sesde Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk.

Graag bring ons die volgende sake onder u aandag en doen 'n vriendelike beroep op u om saam te werk:

1. Alle afgevaardigdes moet by twee punte registreer:
 - A. As afgevaardigde na die Sinode by die een stel tafels waar u aanmeld volgens die alfabetiese indeling van u gemeente. Hier word geloofsbriewe gekontroleer en wysigings aangebring indien nodig. Hierdie registrasie is baie belangrik en moet so gou moontlik na u aankoms afgehandel word sodat die Geloofsbriewekommissie om 12:00 hulle verslag kan opstel. Die konstituering van die Sinode is afhanklik van die korrektheid van hierdie verslag.
 - B. Registrasie vir huisvesting vind plaas by die tweede stel tafels waar verteenwoordigers van die Pretoria-gemeentes u behulpzaam sal wees. Hier verneem u ook by watter gemeenteverteenwoordiger u Maandagaand moet aanmeld vir huisvesting.
2. 'n Afgevaardigde wat afgewissel word met 'n plaasvervanger, moet voor sy vertrek by die Voorsitter van die Verlofkommissie, oudl. HCG Bester, aanmeld en sy naamkaartjie aan hom oorhandig.
3. Afgevaardigdes wat gedurende die week nuut by die Sinode aankom, moet onmiddellik by ds IA Brink, die Voorsitter van die Geloofsbriewekommissie, aanmeld om 'n naamkaartjie te kry waarsonder geen etes bekom kan word nie.
4. 'n Afgevaardigde wat noodgedwonge vir 'n tyd van die sinodesitting afwesig moet wees, moet 'n aansoekvorm om verlof voltooi en by die Voorsitter van die Verlofkommissie, oudl. HCG Bester, indien voor 16:00 op die dag wat die beoogde afwesigheid voorafgaan. Aansoekvorms is in 'n kartondoos by die tafel vir boekverkope te kry.
U word daarop gewys dat u nie sonder verlof afwesig mag wees nie en dat verlof goedgekeur moet word.
5. Hantering van stembriewe tydens Sinodesitting: Stembriewe en nominasies moet nie toegevoeg word nie, maar bloot onderstebo in die houer van die stemopnemer geplaas word. Nominasies moet duidelik leesbaar wees en die korrekte voorletters en titel van die genomineerde bevat.

6. Alle voorstelle moet deur die voorsteller en sekondant onderteken en die voorletters en vanne plus ampte (ds, dr, oudl, of diak.) moet in leesbare drukskrif daarby geskryf word. Die korrekte nommers van die punt in die Sakelys waarby 'n voorstel of amendement aansluit, moet by u voorstel/amendement geskryf word.
7. Die notule van die vorige dag se sitting word voor 13:00 aan afgevaardigdes besorg. Korreksies wat volgens u oordeel aan die notule aangebring moet word, moet voor 16:00 aan die Voorsitter van die Notulekommissie, ds LD Pienaar, besorg word sodat hy dit net ná die begin van die aandessie aan die Sinode kan voorlê.
8. Die houters waarin u naamkaartjies teen die lapel vasgesteek word, is deur die betrokke instansie aan ons geleen. Afgevaardigdes word vriendelik versoek om die naamkaartjies houters aan ons terug te besorg voordat hulle aan die einde van die sinodesitting huis toe vertrek.
9. Etes word bedien in die tent oorkant die sinodesaal. Verversings word self aangekoop en sal in die eettent sowel as in die kafeteria beskikbaar wees. Etes is net vir afgevaardigdes wat betaal het beskikbaar op vertoning van hulle naamkaartjies.
10. U word vriendelik versoek om te alle tye u sitplek stiptelik in te neem. Tyd is kosbaar en verdragings sal die afhandeling van die Sakelys onmoontlik maak.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking. Die res van hierdie bundeltjie bevat stukke wat om verskillende redes nie in die Sakelys of Aanvullende Sakelys opgeneem kon word nie, en moet dus gehanteer word as 'n derde deel van die totale Sakelys.

MC ADENDORFF
SKRIBA VAN DIE SKK

BESWAARSKRIF I/S KERKLIKE KLEREDRAG

In die Sakelys van die 5e Sinode (1991) is op bl. 14-16 'n beskrywingspunt opgeneem waaroor die volgende besluit geneem is (Handelinge Sinode, bl. 366):

"Die volgende ordemosie dien en word aanvaar:

Die Sinode oordeel dat daar nie genoeg tyd is vir 'n deeglike debat oor die beswaarskrif van ds S Botes insake kleredrag nie. Die Sinode besluit om die status quo te handhaaf en besluit om die beswaarskrif te laat oorstaan tot die volgende Sinode.

(Dr JH Ellis)"

Die beswaarskrif word dus hiermee aan die Sesde Sinode voorgelê:

"Eerwaarde Voorsitter en Broeders,

Ondergetekende wil hiermee beswaar aanteken teen die besluit van die vorige Sinode oor kerklike drag, wat so lui: -

"Wanneer 'n leraar amptelik optree tydens eredienste, dra hy 'n swart of donker pak klere met wit hemp en wit das."

(Hand. 4de Sinode 1990, pt. 12.2.1, p. 676)

1. MOTIVERING

1.1 Skriftuurlike Fundering

1.1.1 Die APK bely in art. 1 van die KO dat hy gegrond is op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God, en dat die leer wat die kerk bely 'n betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel is.

1.1.2 So glo die APK, soos die Reformatore, dat aan God se Woord die hoogste gesag toegeken moet word vir die Christelike leer, lewe en ordelike inrigting van die Christelike kerk, en soos vir Calvin behoort die Heilige Skrif vir ons die enigste grond vir ons geloof en rigsoer vir ons geloofslewe te wees ("Die Boodskapper", Okt. 1990, p.1)

1.1.3 Die Bybel beskryf vir ons hoe onder die Ou Verbond daar voorskrifte was vir die kleredrag van die offer- en tempelkultus (bv. Ex. 28:40-43; 39:1vv Lev. 8:2vv.), maar dit het simboliese en skaduagtige betekenis gehad, en met die koms van Christus verdwyn (PJN Smal, Die Kerklike Kleed, in: NGTT, Mrt, 1970, p. 107, 108).

1.1.4 Daarom is daar in die NT géén voorskrifte vir 'n spesifieke kerklike drag deur Christus, sy dissipels of deur Paulus nie, maar was die klem op die soberheid van die mode en die dekorum van daardie tyd (vgl. bv. 1 Tm. 2:9; Tit. 2:3; 1 Pt. 3:3).

1.2 Die Reformasie en daarna

1.2.1 Die Reformatore, wat teenoor Rome die beginsels en waarhede van die Woord van God weer opgediep en sentraal gestel het, het daarom aan die predikante van die Hervorming ook géén voorskrif gegee t.o.v. 'n kerklike drag nie, en elke leraar die vryheid gegee om self te besluit hoe hy hom sou klee (Smal, 96). In die kerk van die Nuwe Verbond het seremoniële ampsgewaad geen rede van bestaan nie (Smal, 97). Die Hervormers self het die kleredrag van die geleerdes gekies, terwyl die sogenaamde predikantsdrag in latere jare aan die mode van die tyd ontleen is (Smal 108). Die gebruike en invloed van die Roomse kerk waar ampsdraers voorgeskryf word watter ampgewade gedra moet word, en die hiërargiese orde en gesag ook gereflekteer word in die verskillende kledingstukke wat van priester tot pous gedra word, het seker ook die Reformatore tot 'n suiwere Skrifbeskouing oor hierdie saak beweeg.

1.2.3 Tot in die 17de eeu het die predikante van die Kaapse kerk geen besondere ampgewaad gedra nie, maar die gewone drag van die deftige burgerstand (Smal, 104).

1.2.4 Die Hervormde Kerk het, sedert sy totstandkoming in SA, van sy leraars verwag om te alle tye waardig en deftig geklee te wees (Smal, 102).

1.2.5 Ds Postma van die Gereformeerde kerk kon in die Skrif géén grond vind vir die handhawing van 'n kerklike ampgewaad nie (Smal, 102). Ds Postma het dieselfde standpunt as dié van ds A Brummelkamp gehandhaaf, wat van oordeel was dat daar soms 'n besondere wyding aan so 'n ampgewaad toegeken is, en sommige die ampgewaad verkeerdlik beskou het as noodsaaklik vir 'n waardige en getroue ampsvervulling (Smal, 100, 101).

1.2.6 Van die kleur "swart" lees ons in die Kaapse kerk eers teen die middel van die 18de eeu, toe leraars 'n swart rok (jaket) met groot knope, breë omslae en pante en 'n kort broek gedra het, saam met lang sykouse en lae skoene met silwergespes (Smal, 104). En hoewel swart vir 'n eeu of wat die dominante kleur gebly het, is dit sedert 1957 in die Transvaalse NGK bevraagteken (Smal, 106v), en uiteindelik, ten spyte van baie wat krampagtig aan die tradisie(!) wou vasklou, in die NGK verander sodat leraars weer soos in die NT en tydens die Hervorming en daarna - die gewone drag van die tyd kon dra.

1.3 Heidense navolging

1.3.1 Die APK sal voorts vir sigself rekenskap moet gee of dit nie deur 'n "donker of swart" kerklike drag goed te keur, dalk 'n heidense gebruik navolg wat in ou Babilonië in swang was en 'n drag kenmerkend van die Baālpriesters was nie!

1.3.2 So lees ons in Sef. 1:4 in die OAV van "afgodsdienaars" van Baāl, wat in die NAV verbeter is met "afgodspriesters" van Baāl (vgl. 2 Kon. 23:5; Gesenius/Buhl, Handwörterbuch, Leipzig 1910, p. 347). Die woord "afgodspriesters" in die Hebreeus is afgelei van die stam wat beteken om "swart gebrand te wees" (B Davidson, Analytical Hebrew and Chaldee Lexicon, London 1956, p. 383). Skynbaar het dié priesters by die seremoniële offers diens gedoen, soos die OT priesters (vgl. Bybelse Ensiklopedieë, Kaapstad 1955, p. 397), en swart gedra vanweë die rook en as wat by die verbranding afgegee is (vgl. RE Woodrow, Babylon Mystery Religion, 1987, p. 120, 121).

1.3.3 Tereg vra Woodrow waarom ons in ons kerklike drag hierdie afgodspriesters van Baāl sou navolg!

2. GEWETENSBEWAAR

'n Protestantse sinode wat daarom 'n kerklike drag vir leraars voorskryf i.p.v. 'n moontlike drag aan te beveel, fouteer myns insiens net soos 'n kerkraad wat hieroor voorskriftelik wil wees,

2.1 omdat daar géén Skriftuurlike gronde daarvoor is nie;

2.2 omdat dit nie getrou bly aan die suiwer standpunt van die Hervormers nie - een basiese eienskap van 'n Calvinis is mos dat hy staan en val by wat God se Woord leer (Agenda, Sinode 1990, p. 79, 136, 312);

2.3 omdat dit die wanindruk skep asof die amptelike Woordverkondiging gewaarborg word deur 'n kerklike drag, m.a.w. die "kerk" spreek slegs amptelik (geïnspireerd en gesaghebbend?) as die leraar amptelik gekleed is - en dit is wesenlik Rooms!

3. BYBELSE STANDPUNT EN AANBEVELING

In die lig van bogemelde besluit die Sinode, omdat die Here Jesus en sy dissipels in die Bybel die gewone drag van hulle tyd gedra het, en omdat die Hervormers op grond van die Skrif die gewone drag van hulle tyd gedra het, en omdat die NT t.o.v. kleding slegs één opdrag ken nl. "Beklee julle met die Here Jesus Christus" (Rom. 13:14; Gal. 3:27),

DAT AMPSDRAERS OP GROND VAN DIE BYBEL DIE GEWONE DRAG VAN HUL TYD MAG DRA WANNEER HULLE AMPTELIK OPTREE TYDENS EREDIENSTE.

wg. DS S BOTES, STELLENBOSCH"

DEKKING VIR PLAASLIKE KERKE IN GEVAL VAN AFSTERWE VAN LERAAR.

(Sake deur die RKA verwys na die BRKA, Handelinge van die Vyfde Sinode, bl 288, 5.3.5.1 - Kyk Sakelys Sesde Sinode, bl 18, 7.1)

Opdrag

Onderzoek moet ingestel word na dekking vir plaaslike kerke ingeval 'n predikant te sterwe kom en sy weduwee vir ses maande onderhou moet word, volgens Sinodebesluit, Handelinge van die Derde Sinode bl 395, aanbeveling 2.23 soos goedgekeur.

Die BRKA het 'n kwotasie van Sanlam ontvang (Kyk aan die einde van dié verslag) wat soos volg opgesom word om aan te sluit by die aanbeveling hieronder:

1. Bykomende lewensdekking gelyk aan een jaar se salaris word verskaf. (Die bestaande pensioenskema bied lewensdekking gelyk aan drie jaar se salaris, met 'n minimum van R150 000).
2. Die maandelikse premie per lid is 0,85% van sy salaris. Die gemiddelde premie beloop R40-29. Lede aan die onderste punt van die salarisskaal betaal R25-50 en dié op topkerf R46-67.
3. Dié dekking is slegs beskikbaar aan pensioenfondslede wat nog nie die normale aftree-ouderdom, 65, bereik het nie.

Die skema blyk so voordelig te wees dat die BRKA met vrymoedigheid die onderstaande aanbeveling aan die RKA voorlê. Intussen het SANLAM die moontlikheid ondersoek om dieselfde dekking te bied as deel van die bestaande Pensioenskema teen 'n nog voordeliger premie. Die uitslag van die ondersoek sal na verwagting tydens die sitting van die RKA beskikbaar wees, en indien dit voordeliger blyk te wees, sal die aanbeveling uiteraard daarop van toepassing wees.

Aanbeveling

Die BRKA beveel by die RKA aan dat alle kerkrade wat oor die dienste van 'n leraar beskik, aan die skema deelneem waarvolgens 'n addisionele jaar se traktement aan die eggenote van die leraar by sy afsterwe uitbetaal word. Aangesien daarmee dekking aan 'n kerkraad voorsien word om die verpligte onderhoud van so 'n weduwee vir ses maande te dra, word die premie van die betrokke kerkgrade verhaal.

In gevalle waar 'n leraar reeds die aftree-ouderdom bereik het, vervel die lewensdekking as deel van die Pensioenskema. So 'n leraar kan egter self verdere lewensdekking kry ingevolge reël 9.2 (a) van die Pensioenfondsreëls. Hierdie reël bepaal dat geen bewys van goeie gesondheid vereis word nie, indien 'n pensioenfondslid binne 2 maande na

(a) bereiking van ouderdom 65, 6f

(b) aftrede voor sodanige ouderdom,

verdere lewensversekering by Sanlam sou uitneem.

'n Kerkraad wat 'n leraar ouer as 65 jaar in diens het, kan dan ter dekking van homself moontlik die leraar behulpzaam wees met betaling van die premie.

PG DE JAGER
ASSISTENTADMINISTRATEUR

KWOTASIE

A. STATISTIEK

1. Totale ledetal: 100
2. Totale jaarlikse salarisse: R5 675 217
3. Totale dekking Basis A: R5 675 217
Basis B: R2 837 608
4. Berekeningsdatum: 1 Junie 1993

B. VOORDELE

1. Normale aftree-ouderdom: 65 jaar
2. Lewensversekering: Basis A: 1 x jaarlikse salaris
Basis B: 50% van jaarlikse salaris

C. PREMIES

<u>Gemiddelde maandelikse bydraetarief per R1 000 lewensversekering</u>	<u>Premie vir die eerste jaar</u>	<u>Premie as % van totale jaarlikse salarisse</u>
---	-----------------------------------	---

Basis A

Lewensversekering	<u>R0.710</u>	<u>R48 353</u>	<u>0.85%</u>
-------------------	---------------	----------------	--------------

Basis B

Lewensversekering	<u>R0.724</u>	<u>R24 653</u>	<u>0.43%</u>
-------------------	---------------	----------------	--------------

D. ALGEMEEN

1. Die bewysvrye limiet indien alle lede aansluit beloop R80 000/ R40 000 vir Basis A/Basis B onderskeidelik.
2. Ons het voorsiening gemaak vir kommissie volgens die nuutste skale soos deur die wet bepaal, sowel as vir nuwe skem kommissie.
3. Ons kwotasie is slegs vir werknemers wat nog nie die normal aftree-ouderdom bereik het nie.
4. Die lewensversekering van 'n werknemer wat op die datum waaro sy lidmaatskap begin weens siekte of ongeluk van die werkgewe se diens afwesig is, sal eers op die datum waarop hy sy normale pligte by die werkgewer hervat, begin. Die besluit oor di bekwaamheid al dan nie van die werknemer om sy normale pligte te verrig, berus by Sanlam wat sodanige bewyse en inligting as wa in dié verband nodig mag wees, mag inwin.
5. Ons normale onderskrywingsvoorwaardes sal geld.
6. Indien ons kwotasie aanvaar word, moet dit vanaf 'n toekomstig datum (eerste dag van 'n maand), nadat ons diensooreenkomst ingelig is, in werking tree.
7. Seëlreg sal deur Sanlam betaal word.
8. Die gemiddelde bydraetarief en premie sal herbereken word op di aanvangsdatum van die skema met inagneming van die voordele wa moet geld sowel as die statistiek van die lede soos op daardi stadium.
9. Die vyf hoogste dekkings beloop R65 880/R32 940 vir Basis A/ Basis B onderskeidelik.
10. Waarborge

Onderliggende tariewe:	1 jaar
Gemiddelde bydraetarief:	1 jaar
Algemene voorwaardes:	1 jaar

11. Geldigheidsduur van voorlegging:	3 maande.
--------------------------------------	-----------

SANLAMHOF
Groepvoordele Tenders

15 Junie 1993

AANVULLENDE VERSLAG VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE

SINODE: 9 - 14 AUGUSTUS 1993 TE PRETORIA

Geagte Voorsitter

Soos gemeld in die verslag van die FK (bl. 151) word die volgende aanvullende verslag ook ter tafel gelê.

A. LAAT INGEKOME BESKRYWINGSPUNTE

Aangesien die FK op 23 Julie 1993 vergader het om die begroting vir 1994 op te stel, is die laat ingekome beskrywingspunte ook behandel.

1. SINODALE BYDRAE

1.1 Die volgende beskrywingspunte handel hieroor:

1.1.1 Ring van Hennenman

Die Sinode heroorweeg sy vorige besluit (1991) in verband met die selektiewe toepassing van die 15% berekening op inkomste van gemeentes.

1.1.2 Ring van Suidkus

Die Sinode besluit dat die 15% aanslag op gemeentes verminder word na 10% van alle inkomste van 'n gemeente.

(Motivering:

1. Die gee van 'n tiende is Bybels.
2. Wanpraktyke wat moontlik mag bestaan, sal uit die weg geruim word).

1.1.3 Ring van Nelspruit

Die Ring van Nelspruit ondersteun die BRKA indien dit nodig sou wees om regstellende maatreëls te tref om die nadelige effek van die besluit rakende die 15% bydrae te herstel. Die Ring voel dat daar weer 15% geheg moet word op alle gemeentelike inkomste soos die besluit was voor 1991.

1.2 Die FK verwys na die aanbevelings wat reeds in die verslag van die sinodale bydrae gemaak is. (bl. 152 van die Sakelys).

2. EENVORMIGE VERGOEDING AAN LERAARS (RING VAN BRANDFORT)

- 2.1 Die Sinode besluit om 'n riglyn aan gemeentes te gee ten opsigte van die traktement per preekbeurt aan besoekende leraars (reiskoste ingesluit).

Motivering

Daar bestaan geen eenvormigheid onder gemeentes van die APK-verband ten opsigte van vergoeding aan besoekende leraars nie. Dit veroorsaak verleenheid vir kerkrade sowel as vir die leraars wat dikwels gevra word hoe hulle vergoed moet word.

2.2 Aanbeveling

1. Die FK het nog altyd geoordeel dat elke plaaslike instansie (Kerkraad of Ring) self hieroor moet besluit.
2. Met dié standpunt in gedagte word tog aanbeveel: Reiskoste moet bereken word teen die tarief wat aanbeveel word (tans 92c/km). Vergoeding vir 'n preekbeurt behoort op die oomblik nie minder as R50-00 per preekbeurt te wees nie.

3. TRAKTEMENTVERHOGINGS (RING VAN MIDDELBURG)

- 3.1 Die Sinode besluit om traktement-verhogings ingrypend in te kort weens die ekonomiese toestand van die land.

Motivering

Salarisverhogings in die publieke sektor word al die afgelope agt jaar beperk tot 7% en in sekere gevalle selfs opgeskort. Die finansiële las ten opsigte van traktemente plaas gemeentes in 'n moeilike posisie.

3.2 Aanbeveling

- 3.2.1 Die FK verwys na die verslag op bl. 152 van die Sakelys.
- 3.2.2 Alle omstandighede en optrede van ander instansies (soos ander kerke) word sover menslik moontlik in ag geneem by die aanbevelings oor traktement-aanpassings, volgens opdrag van die Sinodes.

4. MEDIESE SKEMA (RING VAN ROODEPOORT)

4.1 Die Sinode besluit

1. om onverwyld met ook ander mediese skemas as Kaapse Mediese Plan te skakel, ten einde beter tariewe vir ons kerk se mediese fonds te beding;

2. om indringend die moontlikheid te ondersoek om 'n eie mediese skema te ontwerp en te implementeer;
3. dat alle gemeentes 'n bydrae - wat volgens lidmatetal bereken word - tot laasgenoemde fonds sal maak, ongeag of hulle 'n leraar het of nie;
4. dat die hele saak vóór 30 November 1993 afgehandel moet word.

Motivering

1. Die huidige bydraes tot die Mediese Fonds neem skrikwekkende afmetings aan en raak vir beide gemeentes en leraars haas onbetaalbaar.
2. Enige winste of surplusse uit 'n eie fonds bly BINNE die kerk.
3. Daar is tans genoeg jonger leraars in die kerk om 'n deeglike ondersoek na 'n eie skema te regverdig.
4. Deur almal by te dra soos in die geval van 'n eie fonds voorgestel, kom die beginsel van onderlinge ondersteuning beter tot sy reg. Leraars word immers deur alle gemeentes benut, selfs al is dit soms slegs op 'n deeltydse/tydelike/beperkte basis.
5. Indien lede van die fonds, onder die besef dat dit die kerk se eie fonds is, genoeg diskresie aan die dag lê by gebruikmaking daarvan, kan dit slegs lei tot beter benutting van gelde en selfs 'n verbetering van voordele en/of verlaging van tariewe.
6. 'n Eie fonds kan ons net tot groter afhanklikheid van die Groot Geneesheer, ons Here Jesus, dwing, aangesien slegs Hy alle siekte en gesondheid volkome onder sy Goddelike beheer het.

4.2 Aanbeveling

Die FK lê die volgende aan die Sinode voor:

1. Die FK is op die oomblik besig met 'n ondersoek na ander moontlikhede van Mediese skemas.
2. Aangesien dit groot en ingrypende finansiële implikasies kan hê en daar moontlik belangrike risiko's op die spel kan wees, moet groot versigtigheid aan die dag gelê word.
3. Die RKA dra dit derhalwe aan die FK op om die inhoud van die beskrywingspunt indringend te ondersoek, met raadpleging van kundige persone, en aan die BRKA verslag te doen.

4. Die RKA gee volmag aan die BRKA om die beste moontlikheid, soos uit die ondersoek blyk, so gou moontlik te implementeer.

B. APK-TRUSTFONDS

Die volgende aanvullende aanbeveling word ook voorgelê by die aanbevelings op bl. 149 van die Sakelys. (pt. 4.1.9.4) Die 2e aanbeveling word soos volg gewysig:

Bogenoemde leraars wat by aftrede uit hoofde van hulle lidmaatskap van die APK Pensioenfonds 'n pensioen van minder as R1 500-00 per maand (voor kommutasie) ontvang, bereken vanaf 1 Maart 1993, kwalifiseer vir finansiële hulp uit die APK Trustfonds, ten einde te verseker dat hulle, saam met hulle pensioen, nie minder as R1 500-00 per maand ontvang nie.

C. REISKOSTE-TARIEWE (BL 145, PT 3.12 VAN DIE SAKELYS)

Die FK lê graag die volgende aanbeveling voor:

Die Sinode keur die jongste aanbeveling van die FK ten opsigte van reiskoste goed, te wete 92c per km, vir sinodale sowel as gemeentelike werk vanaf 1 April 1993. Ten opsigte van gemeentelike werk word 'n minimum bedrag van R1 000-00 per maand bepaal.

D. VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STAND VIR DIE BOEKJARE 1991 EN 1992

Soos tydens die vorige Sinodebesluit, word die volgende gewens aan die Sinode voorgelê:

1. INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1991

Aantekening	1991 R	1990 R
INKOMSTE	2 786 447	2 337 595
Gemeentebydraes (15%)	2 566 594	2 140 456
Rente ontvang	217 236	195 752
Skenkings ontvang	2 617	1 387
UITGAWES	1 918 096	1 220 602
Advertensies	257	-
APK Trustfonds	1 922	-
Bankkoste	4 152	352
Bedieningswerk	460 252	250 713
Boodskapper	99 320	27 767
Dosentevergoeding	393 413	300 667
Huur van toerusting	8 676	5 375
Instandhouding - geboue/terrein/meubels	27 410	11 315
Kommissiewerk	216 440	147 358
Ledegeld	100	-
Munisipale koste	8 200	3 867
Ouditgelde	2 350	1 750
Posgeld	7 813	6 149
Regskoste	4 104	3 332
Reiskoste - administratief	15 164	8 155
Salarisse - administratief	552 074	330 197
Sinodekoste	38 057	52 558
Skryfbehoeftes	24 892	26 749
Spaarplan - leraars	11 462	11 611
Telefoon	15 853	13 154
Versekering	2 744	2 827
Verversings	7 206	3 069
Waardevermindering	16 235	13 637
SURPLUS INKOMSTE VIR DIE JAAR	868 351	1 116 993
Min: Oorplasing na Reserwefonds	178 000	436 879
Min: Oorplasing na Willie Lubbe Studiefonds	60 000	-
Min: Oorplasing na Studiefonds - leraars	50 000	-
Min: Oorplasing na APK Trustfonds	42 690	-
Min: Oorplasing na Motorvervangings-fonds	4 836	9 845
Min: Oorplasing na Biblioteekfonds	5 400	-
SALDO OORGEDRA NA OPGEHOOPTE FONDS	527 425	670 269

2. BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 1991

Aantekening	1991 R	1990 R
FONDSE BESKIKBAAR		
Opgehoopte fonds	2 177 593	1 650 168
Reserwefonds	678 000	500 000
Spesifieke fondse	613 526	357 214
Alimentasiefonds 3	54 028	48 587
APK Weeshuisfonds	2 000	1 000
Biblioteekfonds	12 700	-
Bybelverspreidings- fonds	3 930	1 237
Gebeurlikheidsfonds	17 066	17 066
Geboueverbeterings- fonds	685	685
Motorvervangings- fonds	14 681	9 845
Ouetehuisfonds	500	-
Publikasiefonds 4	170 186	95 314
Studiefonds - leraars	50 000	-
Vroue-aksiefonds 5	26 616	23 231
Willie Lubbe Studie- fonds 6	261 134	160 249
	3 469 119	2 507 382
	=====	
AANWENDING VAN FONDSE		
Vaste bates 7	1 884 452	341 315
Studieleninge - leraars	48 072	23 735
Studieleninge - studente	153 707	87 459
Biblioteek	65 234	18 633
Netto korttermynbates	1 317 654	2 036 240
Kontant in die bank	4 507	64 126
Kontant voorhande	111	249
Spaarrekeninge	2 694	50 759
Spesiale deposito	688 008	1 514 455
Gemeentehydraes verskuldig	327 766	312 104
Publikasievoorraad	115 666	58 334
Diverse debiteure	340 675	180 264
Deposito munisipale koste	100	100
Diverse krediteure	(161 873)	(144 151)
	3 469 119	2 507 382
	=====	

3. INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1992

Aantekening	1992 R	1991 R
INKOMSTE		
	2 404 118	2 786 447
Gemeentehydraes (15%)	2 329 029	2 566 594
Rente ontvang	50 511	217 236
Rente ontvang - APK		
Jeugtuiste 2	3 986	-
Skenking van Vaalterrein	14 000	-
Skenkings ontvang	6 592	2 617
	2 038 647	1 918 096
UITGAWES		
Advertensies	-	257
APK Trustfonds	1 381	1 922
Bankkoste	2 855	4 152
Bedieningswerk	240 091	460 252
Boodskapper 3	166 496	99 320
Dosentevergoeding	441 355	393 413
Huur van toerusting	11 118	8 676
Instandhouding - geboue/ terrein/meubels	24 995	27 410
Kommissiewerk	171 311	216 440
Ledegeld	-	100
Munisipale koste	35 111	8 200
Ouditgelde	2 650	2 350
Posgeld	8 112	7 813
Regskoste	165	4 104
Reiskoste - administratief	19 346	15 164
Salariesse - administratief	812 991	552 074
Sinodekoste	3 604	38 057
Skryfbehoeftes	23 414	24 892
Spaarplan - leraars	11 462	11 462
Studiebeurse - dosente	7 500	-
Telefoon	22 688	15 853
Versekerings	5 567	2 744
Verversings	6 983	7 206
Waardevermindering	19 452	16 235
	365 471	868 351
SURPLUS INKOMSTE VIR DIE JAAR		
Min: Oorplasing na Reserwefonds	194 000	178 000
Min: Oorplasing na Willie Lubbe Studiefonds	-	60 000
Min: Oorplasing na Studiefonds - leraars	-	50 000
Min: Oorplasing na APK Trustfonds	-	42 690
Min: Oorplasing na Motorvervangings- fonds	654	4 836
Min: Oorplasing na Biblioteekfonds	(3 465)	5 400
	174 282	527 425
	=====	
SALDO OORGEDRA NA OPGEHOOPTE FONDSE		

4. BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 1992

Aantekening	1992 R	1991 R
FONDSE BESKIKBAAR		
Opgehoopte fonds	2 351 875	2 177 593
Reserwefonds	872 000	678 000
Spesifieke fondse	830 432	613 526
Alimentasiefonds 4	68 375	54 028
APK Weeshuisfonds	2 000	2 000
Biblioteekfonds	8 947	12 700
Bybelverspreidings- fonds	9 691	3 930
Gebeurlikheidsfonds	17 066	17 066
Geboueverbeterings- fonds	685	685
Motorvervangings- fonds	15 335	14 681
Ouetehuisfonds	500	500
Publikasiefonds 5	303 235	170 186
Studiefonds - leraars 6	50 000	50 000
Vroue-aksiefonds 7	20 764	26 616
Willie Lubbe Studiefonds 8	333 834	261 134
	4 054 307	3 469 119
	=====	
AANWENDING VAN FONDSE		
Vaste bates 9	2 819 279	1 884 452
Studieleninge - leraars	47 024	48 072
Studieleninge - studente	254 220	153 707
Biblioteek	68 669	65 234
Netto korttermynbates	865 085	1 317 654
Kontant in die bank	17 344	4 507
Kontant voorhande	10 969	111
Spaarrekeninge	-	2 694
Spesiale deposito	176 802	688 008
Gemeentebydraes ver- skuldig	92 537	327 766
Publikasievoorraad	216 939	115 666
Diverse debiteure	454 202	340 675
Deposito munisipale koste	570	100
Diverse krediteure	(104 278)	(161 873)
	4 054 307	3 469 119
	=====	

E. BEGROTING VIR 1994

1. AGTERGROND

Die opstel van die begroting vir 1994 was nog moeiliker as die begroting vir 1993. Die bydraes van gemeentes het aansienlik verminder en uitgawes styg voortdurend, soos op alle terreine ondervind.

Die FK oordeel dat die Sinode tog van die volgende inligting moet kennis neem.

Reeds by die Sinode van 1988 is 'n aanbeveling van die FK goedgekeur sodat die besluit van die Sinode gelees het: "Die Sinode stel dit as sy beleid om sy lopende uitgawe te bereken volgens sy beskikbare inkomste."

Uitgaande daarvan is alle begrotings daarna opgestel op grond van die berekening van die vorige jaar se ontvangste (bydraes van gemeentes). Vir die opstel van die begroting van 1993 was dit nie moontlik nie, sowel as vir die begroting van 1994.

By elke vergadering het die FK kennis geneem van die inbetalings van gemeentes en die optrede van die BRKA, aan wie dit opgedra is om agterstallige bydraes van gemeentes in te vorder. Reeds op 23 Junie 1992 is besluit: "Die FK spreek sy kommer uit oor die tendens wat reeds 'n persentasie-daling weerspieël. Die FK reken dat dit te wyte is aan:

1. Die besluit van die Sinode om trustfondse nie te bereken vir die sinodale bydrae nie.
2. Die huidige ekonomiese omstandighede in die land.
3. Die knellende droogte."

Verder is besluit: "Die FK dra dit aan die skriba op om 'n brief oor hierdie sake op te stel en aan die Direkteur te besorg vir deursending na kerkrade en ringe."

2. HUIDIGE OMSTANDIGHED

Die volgende tabel toon die gemeentebydraes vir 1990 - 1993.

15^e BYDRAES VAN GEMEENTES - OPGESTEL: 15 JUNIE 1993

	1990				1991				1992				1993				VERANDERING				VANAF 1990				VANAF 1991				VANAF 1993			
	R		R		R		R		R		R		R		R		R		R		R		R		R		R					
JANUARIE	111 061	144 286	171 108	171 730	33 225	29.9	26 822	18.6																								
FEBRUARIE	127 714	173 463	183 613	199 386	45 749	35.8	10 150	5.9																								
MAART	152 793	215 499	238 645	219 931	62 706	41.0	23 146	10.7																								
APRIL	173 999	213 969	166 913	164 843	39 970	23.0	(47 056)	(22.0)																								
MEI	151 651	236 784	226 234	150 065	85 133	56.1	(10 550)	(4.5)																								
JUNIE	189 241	223 532	217 717		34 291	18.1	(5 815)	(2.6)																								
JULIE	164 337	209 110	164 821		44 773	27.2	(44 289)	(21.2)																								
AUGUSTUS	221 689	283 584	279 565		61 895	27.9	(4 019)	(1.4)																								
SEPTEMBER	231 062	255 424	238 577		24 362	10.5	(16 847)	(6.6)																								
OKTOBER	200 234	229 509	206 279		29 275	14.6	(23 230)	(10.1)																								
NOVEMBER	163 916	204 966	248 818		41 050	25.0	43 852	21.4																								
DESEMBER	176 492	214 269	151 259		37 777	21.4	(63 010)	(29.4)																								

2 064 189 2 604 395 2 493 549 905 955 540 206 26.2 (110 846) (4.3) (1 587 3

Uit die tabel is dit duidelik dat waar die styging van bydraes vanaf 1988 nooit minder as 20% was nie, dit vanaf 1992 drasties afgeneem het en in 1992 selfs 'n daling (of 'n negatiewe groei), getoon het. Dit lyk asof 1993 op dieselfde pad beweeg.

Die Sinode moet kennis neem dat teen die einde van Maart 1993 die BRKA se rekening op 'n tekort van R300 000 (ontvangste teenoor uitgawes) te staan gekom het en die rekenmeester moes reël vir 'n bankoortrekking van R500 000. (Vergelyk die besluit van 20 Oktober 1992, Verslag bl. 149, pt. 1.3 onder 4.1.10.3).

Die FK wil hierby ook verwys na die verslag van die Tydelike FK by die Sinode van 1991 (Handelinge bl. 420, pt. 3.3.2) waar gemeld word dat die verlies van inkomste as gevolg van die sinodebesluit minstens 20% sal wees en dat die bedrag van die tekort minstens R480 000 per jaar sal beloop.

Dit wil voorkom asof sommige kerkrade talle trustfondse geskep het om die besluit tot die maksimum te gebruik (die FK oordeel te misbruik) en sodoende die fondse waarmee die BRKA die administrasie moet bedryf, in oneindige probleme gedompel het. Ook hierin het die voorspelling van die FK waar geword dat die deur vir misbruike wyd oopgemaak is.

3. AANBEVELINGS

3.1 Die aanbevelings van die FK op bl 152 van die Sakelys (pt. 6.2) moet in die lig van bogenoemde omstandighede en gegewens gesien word.

3.2 Die FK beveel derhalwe aan dat die besluit van die Sinode (met ander woorde die goedkeuring van pt. 6.2) op 1 Oktober 1993 in werking tree.

(Motivering van hierdie aanbeveling)

1. As daar nie iets drasties gedoen word om die bydraes weer normaal te kry nie, sal die hele finansiële posisie van die BRKA onhoudbaar word.
2. Die agterstand wat in die finansiële toestand geskep is, sal in elk geval jare neem om weer te normaliseer.
3. Dit het gebeur dat kerkrade dadelik na die Sinode van 1991 begin het om hul bydraes te bepaal sonder die berekening van trustfondse. Die ontvangstes het vir die maande September - Desember 1991 slegs verbeter na harde werk van die personeel, talle briewe en telefoonoprope wat geweldige koste meegebring het.)
4. Berekening van inkomste vir 1993

Dit behoort vir die Sinode duidelik te wees dat dit op die oomblik byna onmoontlik is om te bereken wat die ontvangs van bydraes vir 1993 sal wees. As die bogenoemde tabel van bydraes as basis geneem word, kan die ontvangste wel op R3 151 318 geraam word teen 'n styging van 10% per jaar vanaf 1991. Die FK oordeel

dat dit wel sou gebeur het indien die basis van bydraes (15% op alle ontvangstes van gemeentes) nie verander is nie.

Die ontvangstes van die afgelope jare was soos volg:

	Beraam	Werklik
1988		R1 136 181
1989	R 952 500	R1 557 750
1990	R1 350 000	R2 064 189
1991	R1 800 000	R2 604 395
1992	R2 400 000	R2 493 549

As die ontvangstes tot Mei 1993 as basis geneem word, beteken dit dat die totaal vir 1993 op R2 174 292 geraam moet word.

In Oktober 1992 het die FK gepoog om die syfers vir die totale ontvangstes van alle gemeentes te bekom deur middel van die Ringe. Dit was eintlik onmoontlik. Omtrent helfte van die Ringskribas het pragtig gereageer deur baie gou die gevraagde gegewens te verstrek. Sommige Ringe het egter nie die syfers beskikbaar gehad nie en sommige kassiere en/of kerkrade het geweier om die syfers te verstrek. Dit is dus geheel onmoontlik om te bepaal wat die syfers is waarop berekenings gemaak kan word.

Die FK kan nie anders as om te reken dat die persentasie vir bydraes op 15% moet bly nie. Sou die basis vir bydraes nie verander het nie, glo die FK dat dit nou al laer sou wees as 15%.

4.2 Aanbeveling

As die basis van bydraes soos aanbeveel (Sakelys bl. 152) goedgekeur word, beveel die FK aan:

Kerkrade dra vir die boekjaar 1994 15% van hulle totale ontvangstes by as sinodale bydrae.

5. UITGAWES

5.1 Die uitgawes van die afgelope jare het soos volg verloop:

	Beraam	Werklik
1988	R1 080 000	R 866 934
1989	R 952 500	R1 008 955
1990	R1 350 000	R1 220 602
1991	R1 800 000	R1 918 096
1992	R2 400 000	R2 038 647
1993	R3 169 500	

Dit blyk dus dat die administrasie in 1992 'n besparing van R361 353 op die begroting te weeg gebring het.

In die verslag van die ouditeur in 1992 kom die volgende sin voor:

"Die RKA toon vir ons die tipiese beeld van 'n onderneming wat baie vinnig gegroei het en waar die bemanning van die finansiële administrasie nie kon tred hou nie."

Dit het nog tot sover by elke Sinode voorgekom dat talle lede etlike uitgawes en uitbreidings wil aangaan, maar nie besef nie dat die inkomste beperk is en slegs deur gemeentes bygedra kan word.

5.2 Net soos in die 1993-begroting het die FK uitgegaan van die standpunt dat personeel-voorsiening simpatiek behandel moet word. Nogtans moes daar met groot versigtigheid gehandel word en moes talle aanvrae verander word. Die FK is steeds onder die indruk dat die huidige personeel eintlik die minimum is waarmee die werk van die kerkverband se administrasie, ensovoorts gedoen kan word en dat hulle werklik hulle deel doen.

5.3 Begroting van Uitgawes 1994

5.3.1 BRKA

	WERKLIK 1992 R	BEGROOT 1993 R	BEGROOT 1994 R
UITGAWES	1 009 856	1 327 250	1 618 650
APK Trustfonds	1 381	-	8 000
Bankkoste	2 855	6 000	5 000
Diverse	-	5 000	5 000
Huur van toerusting	11 118	8 000	30 000
Instandhouding - geboue/ terrein/meubels	24 995	40 000	40 000
Munisipale koste	35 111	40 000	45 000
Ouditgelde	2 650	2 250	2 650
Posgeld	8 112	20 000	15 000
Regskoste	165	5 000	5 000
Reiskoste - administra- tief	19 346	30 000	35 000
Reiskoste - vergaderings	21 018	45 000	40 000
Salarisse - administra- tief	812 991	1 020 000	1 256 000
- Huidige personeel			1 056 000
- Sekretaresse/tikster			70 000
- Argief: Deeltyds			30 000
- Teologiese Skool: Deeltyds			20 000
- Finansies: Tydelike hulp			30 000
- Tydelike hulp			50 000
Skryfbehoeftes	23 414	40 000	40 000
Spaarplan - leraars	11 462	13 000	12 000
Telefoon	22 688	35 000	40 000
Versekering	5 567	8 000	15 000
Verversings en spyseniering	6 983	10 000	25 000
KAPITAALITEMS	480 370	425 000	300 000
Meubels en toerusting	43 335	75 000	50 000
Verbeterings geboue	437 035	350 000	250 000
TOTAAL VIR DIE JAAR	1 490 226	1 752 250	1 918 650

5.3.2 SKK

UITGAWES	WERKLIK 1992 R	BEGROOT 1993 R	AANGEVRA 1994 R
Bedieningswerk	240 091	350 000	350 000
Boodskapper	166 496	150 000	200 000
Reiskoste-ver- gaderings	35 175	40 000	45 000
Sinodekoste	3 604	50 000	50 000
Studiefonds - leraars	10 882	150 000	50 000
TOTAAL VIR DIE JAAR	456 248	740 000	695 000

5.3.3 Kuratorium

	BEGROOT 1993 R	AANGEVRA 1994 R	BEGROOT 1994 R
DOSENTEVERGOEDING	455 950	483 840	483 840
REISKOSTE: DOSENTE	28 800	28 800	28 800
REISKOSTE: VERGADERINGS	30 000	35 000	35 000
BIBLIOTEEKFONDS	20 000	20 000	20 000
WILLIE LUBBE STUDIEFONDS	30 000	200 000	100 000
	564 750	767 640	667 640
ADDISIONELE DOSENT	-	126 346	-
DOSENTEVERGOEDING	-	7 200	-
REISKOSTE: DOSENTE	-	-	-
	564 750	901 186	667 640

5.3.4 Kommissies

	BEGROOT 1993	AANGEVRA 1994	BEGROOT 1994
	R	R	R
Argief	3 000	1 500	2 000
Barmhartigheidsdiens	3 000	10 000	6 000
Bybelvertaling	7 000	9 000	9 000
Ekklesia (ad hoc)	2 000	-	-
Finansies	10 000	10 000	10 000
Gemeentebediening	2 000	6 700	4 000
Jeug en VBO	9 000	9 000	9 000
Kapelaansdienste	2 000	2 000	2 000
Kerkleer en Et. norme	10 000	-	10 000
Kerkmusiek en sang	15 500	20 000	10 000
Kerkregtelike Sake	20 000	-	20 000
Liturgie en Form.	2 000	-	2 000
Onderwys en Opv.	10 000	25 000	10 000
Sending en Evang.	7 000	-	6 000
Vaalterrein	4 000	-	-
Volkereverhouding (ad hoc)	3 000	-	-
Vroueaksie	3 000	-	-
	<u>112 500</u>	<u>93 200</u>	<u>100 000</u>
	=====	=====	=====

5.3.5 Opsomming

5.3.5.1	BRKA	R1 918 650
	SKK	735 000
	Kuratorium	667 640
	Kommissies	100 000

Totaal R3 421 290

5.3.5.2 Opmerking

Die begroting vir 1993 is gestel op R3 169 500.
Die begroting vir 1994 is dus 'n styging van 7,9%
teenoor 1993.

5.3.6 Motiverings en opmerkings oor aanbevelings

5.3.6.1 BRKA

Huur van toerusting: Hier is 'n aansienlike
styging in die begroting as gevolg van die
uitbreiding van werksaamhede.

2. Munisipale koste: Die styging is te wyte
aan vermeerdering van eiendomme en styging
van tariewe.

3. Die aanvra van nuwe poste is deur die
Direkteur soos volg gemotiveer:

Sekretaresse/Tikster: Die pos is
noodsaaklik vir die hantering van die werk
vir die Publikasiekomitee en "Die
Boodskapper". Indien die pos nie gevul kan
word nie, sal die werk van Publikasies nie
kan voortgaan nie. Tydens die Vierde Sinode
(Handelinge bl. 666) is reeds goedgekeur dat
die BRKA/SKK die aanstelling van 'n
Sakebestuurder vir "Die Boodskapper" moet
oorweeg. In plaas daarvan word nou slegs 'n
Sekretaressepos aangevra.

Argief: Met die oprigting van die
Argiefgebou sal 'n pos om die argief te
vestig noodsaaklik wees. Tot sover is die
argiefstukke nog nie behoorlik georden en
bewaar nie. Hierdie sal 'n deeltydse pos
wees.

Teologiese Skool: 'n Deeltydse pos om die
biblioteek te behartig en uit te bou.

Finansies: In die Afdeling Finansies is
'n ekstra pos noodsaaklik om die organisasie
te behartig. Die FK het 'n tydjie gelede
berekend dat die personeel in die Afdeling
Finansies tans ongeveer R7m/jaar hanteer.

Tydlike hulp: Daar word voortdurend van
tydelike hulp gebruik gemaak in verskillende
afdelings van die administrasie, maar daar
is nog nie voorheen begroot nie. Dit word
nou reggestel.

4. Telefoon: Met die uitbreiding in die nuwe
kantore is 'n nuwe stelsel geïnstalleer om
die werk te vergemaklik.
5. Versekering: Die styging is as gevolg van
die vermeerdering van eiendomme.
6. Verversings: Hierdie uitgawe word nie
meer onder kommissiekoste vereffen nie, maar
word apart begroot.
7. Kapitaalitems: Meubels en Verbeterings:
By die gesamentlike vergadering in Oktober
1992 is besluit om die koste oor drie jaar
te verhaal. Die BRKA vra nou dat dit oor
vier jaar geskied om die begroting op die
huidige te help.

SKK

8. Die Boodskapper: Die styging van R50 000 is te wyte aan kostestygings, veral drukkoste. Beide SKK en FK beskou "Die Boodskapper" as 'n baie belangrike item in die kerklike werksaamhede.
9. Sinodekoste: Die FK beveel aan dat hierdie pos as 'n Fonds hanteer word, sodat die oorskot na die volgende jaar oorgedra kan word, aangesien die Sinode tweejaarliks vergader. Daarom word die bedrag dan verminder.
10. Studiefonds - leraars: Die SKK het versoek om tog die bedrag op R100 000 te stel, aangesien daar steeds leraars oorkom wat dadelik hulle studielenings moet terugbetaal.

Kuratorium

11. Reiskoste: Op grond van die werklike uitgawes word R35 000 aanbeveel.
12. Willie Lubbe Studiefonds: Die FK het groot simpatie met die Willie Lubbe Studiefonds en het al talle aanbevelings gemaak dat ernstige oproepe gedoen moet word om die Fonds te versterk. Die FK moes kennis neem dat die bydraes nie na wense inkom nie. Die afgelope ses jaar is studielenings soos volg toegestaan:

1988 R 20 503
1989 R 41 444
1990 R 46 976
1991 R 63 784
1992 R119 904

Vir 1994 word R100 000 aanbeveel.

13. Addisionele dosent: Dieselfde versoek is ook vir die begroting van 1993 gerig. Al is daar hoeveel simpatie met die versoek, sal dit onverantwoordelik wees van die FK om nou hierdie uitgawe aan te beveel, as gevolg van die huidige finansiële omstandighede.

Kommissies

14. By alle kommissies waar gelde vir publikasies aangevra word, gaan die FK uit van die standpunt dat publikasies deur die Publikasiekomitee hanteer moet word, waar 'n fonds opgebou is.
15. Barmhartigheidsdiens, Gemeentelike Bediening, Kerkmusiek, Onderwys en Opvoeding: Die aanbeveling word gegrond op die werklike uitgawe.
16. Vaalterrein: Soos in die verlede, word die kommissie se uitgawe as deel van die BRKA hanteer, aangesien dit 'n subkommissie is.
17. Vir die Ad hoc-kommissies is nie weer begroot nie.

6. AANBEVELING

- 6.1 Alle kommissies van die Sinode en die RKA word dringend versoek om waar moontlik besparings toe te pas, selfs in die goedgekeurde begroting.

- 6.2 Die Sinode keur die begroting van uitgawes (pt. 5.3) vir 1994 goed.

7. OPMERKINGS

- 7.1 Die FK is bewus daarvan dat daar baie vrae is oor die hantering van fondse. Uit die verslag van die FK is dit hopelik duidelik dat die FK alles in sy vermoë gedoen het om die probleme te bowe te kom. Die personeel in die Kerkkantoor verdien die innige dank van die hele kerkverband vir die gehalte werk wat gelewer word en besparings wat te weeg gebring is. Met die intrek in die nuwe, ruim kantore sal die personeel se werkvermoë sekerlik ook nog toeneem! Veral die personeel in die Afdeling Finansies lewer puik diens aan die kerkverband en het nog steeds van die ouditeur lof ontvang. Veral die pogings om agterstallige bydraes van kerkrade in te vorder, moet opreg waardeer word.

- 7.2 Die FK wil graag ook die Sinode se aandag vestig op die verloop van sake met die aankoop van eiendomme. Die gebou van die Teologiese Skool is in 1988 kontant aangekoop vir R227 083.

Brookshuis is in 1992 aangekoop vir R1 528 466, gefinansier uit eie fondse (interne lenings). Hoewel hierdie bedrag aan die eie fondse terugbetaal moet word, word daar op die wyse geweldig baie rente bespaar. Die Jeugtuiste is in 1992 aangekoop vir R432 117. Daar is wel 'n verbandlening geregistreer, maar hieruit word fondse getrek soos dit nodig is. Daar word dus weer baie rente bespaar. Die besluit van die vorige Sinode om alle fondse te "poel" was 'n wyse besluit met die oog op besparings. Die oortrokke bankrekening waarna vroeër verwys is, word gebruik om die uitgawes aan die restourasie van Brookshuis te finansier. Die FK oordeel dat as die kantoorruimte wat tans beskikbaar is, gehuur moes word, dit 'n byna onmoontlik las op die sinodale begroting sou wees. Daarom word geoordeel dat die aankope van die verskillende eiendomme 'n groot bate vir die kerkverband is. Die gedagte is dat die eiendomme alreeds veel meer werd is as die aankooppryse.

7.3 Aanbevelings

- 7.3.1 Die Sinode spreek sy innige dank uit aan alle personeellede vir hulle pogings om te bespaar op die begroting, waar dit moontlik was.
- 7.3.2 Die Sinode spreek sy innige dank uit aan die personeel van die Afdeling Finansies vir hulle getroue diens in belang van die werksaamhede in die kerkverband.
- 7.3.3 Die Sinode spreek sy dank uit aan gemeentes wat hulle bydraes getrou oorbetal het, sodat die administrasie in die Kerkkantoor kon voortgaan.
- 7.3.4 Die Sinode betuig sy grootste dank aan die hemelse Vader dat daar nog steeds fondse en middele was om die werk van die APK voort te sit en roep gemeentes op om gedurig voorbidding te doen vir die voorsiening van die geldelike middele in sowel die plaaslike kerke as in die kerkverband.

F. SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE

Die FK beveel aan dat die kommissie soos volg saamgestel word;

Sewe lede deur die Sinode aangewys op aanbeveling van die Tydelike FK, die rekenmeester as volle lid. Die FK word gemagtig om hoogstens twee persone as volle lede te koöpteer.

Die FK vertrou dat hy sy taak volgens sy opdrag uitgevoer het. Mag die Sinode die wysheid en leiding van die Here in alles ondervind.